“Hoe lieflik klink die voetstappe van hulle wat die goeie boodskap bring...” (Jesaja 52:7)

Oor Teologiese Opleiding aan die Universiteit van die Vrystaat

November was weer tyd om ons teologiese opleiding vir die jaar af te sluit en dít vanjaar met groot dankbaarheid: verlede Donderdagaand, die 29ste, by die NG Kerk-Bloemfontein-Wes, is elf kandidate gelegitimeer en tot die bediening van die Woord toegelaat. Voeg daarby twee studente van die VGKSA wat die vorige Sondag in Heidedal gelegitimeer is. Ons is dankbaar teenoor Hom wat steeds mense roep, toerus en stuur om die goeie boodskap wyd uit te dra...

Dit was ook die gepaste moment om oor ons teologiese opleiding hier in Bloemfontein en aan die Universiteit van die Vrystaat na te dink. Die Kuratorium het ‘n geslaagde vergadering gehad met onder andere afgevaardigdes uit verskillende sinodale streke en dosente van die Fakulteit Teologie en Religie teenwoordig en wil ons graag die volgende perspektiewe met leraars, kerkrade, lidmate en ander belangstellendes in die Vrystaat en verder, deel.

1. Teologiese opleiding in Bloemfontein is van ‘n hoë akademiese standaard

Die W&S Snyman-prys vir die beste finalejaarstudent het vanjaar aan HJ Prinsloo (24) gegaan, wat sy skripsie in Nuwe Testament geskryf het oor *“Die begrip epangelia in die lig van Paulus se retoriese strategie in die brief aan die Galasiërs”*. HJ het sy BTh- en MDiv-grade cum laude geslaag en vir beide die Dekaansmedalje ontvang én is hy toegelaat om volgende jaar met sy PhD in Nuwe Testament voort te gaan. Dit is één voorbeeld van die hoogstaande akademiese werk wat in die Fakulteit Teologie en Religie hier aan die Universiteit van die Vrystaat gedoen word. Dosente van die fakulteit het weer vanjaar by internasionale konferensies opgetree, ‘n wye verskeidenheid navorsingspublikasies die lig laat sien en is daar tans ses dosente met ‘n NRF-gradering. Prof Jan-Albert van den Berg is bekroon met ‘n tweede doktorsgraad van die *University of Queensland* in Australië. Dr Lodewyk Sutton is as nuwe dosent in Ou Testament aangestel. Verder het prof Bram van de Beek van die Vrye Universiteit in Amsterdam sy jongste boek, *“Mijn Vader, uw Vader: Het spreken over God de Vader”* aan die fakulteit opgedra uit erkenning vir die akademiese werk hier. En, word daar in 2019 ‘n toer na Israel onder leiding van dosente uit die departement Ou- en Nuwe Testament beplan...

‘n Belangrike tema tydens ons kuratoriumvergadering was Skrifhantering in teologiese opleiding en in ‘n akademiese omgewing, sodat studente met die nodige hermeneutiese-, eksegetiese- en homiletiese vaardighede toegerus kan word om die Woord van God in verskillende kontekste te kan gaan bedien. Prof Francois Tolmie het vanuit die vakgebied Nuwe Testament hierop gefokus en is dit duidelik dat daar ook in hierdie opsig hoë standaarde aan studente gestel word. Ons sal die gesprek oor Skrifgesag graag verder met die Moderamen en by Ringsbyeenkomste wil voer, asook VBO-kursusse vir predikante oor Skrifbeskouing en -hantering in die bediening wil aanbied. In hierdie verband noem ons ‘n opwindende opknappingskursus vir dominees in Hebreeus, om met die bekendstelling van die Direkte Bybelvertaling (2020) saam te val - oorweeg dit gerus...

Die Fakulteit Teologie bereik vanjaar die einde van ‘n era: prof Fanie Snyman tree vandeesmaand af as dekaan en gaan volgende jaar met langverlof wees, gedurende November 2019 sal ons DV aan hom demissie verleen. Die proses om ‘n nuwe dekaan vir die fakulteit aan te stel is reeds ver gevorder en sien die Kuratorium met hoë verwagtinge uit na ‘n nuwe bedeling in die opleiding van teologiese studente vir die NG Kerk-familie hier.

Die Kuratorium het sy dank uitgespreek teenoor die fakulteit en alle doserende- sowel as steunpersoneel vir die hoë standaard van werk wat hulle doen. Ons waardeer die openhartige, konstruktiewe gesprekke wat daar vanjaar tussen die fakulteit en kerklike betrokkenes was en is oortuig dat goeie kommunikasie die basis vorm vir samewerking in belang van ons teologiese opleiding.

2. Teologiese opleiding in Bloemfontein is kontekstueel verantwoord

Naby aan die einde van die jaar, is die Tutu/Jonker Prestige-gedenklesing deur prof Pumla Gobodo-Madikizela gelewer, 'n veteraan van die WVK en tans navorser aan die Universiteit Stellenbosch in historiese trauma en transformasie. "How do we become human again after so much tragedy? How do we restore wholeness?", het sy onder andere gevra en op die belang van historiese bronne en sensitiewe gesprek in die heling van ons land gewys. Skripsietemas van vanjaar se finalejaarstudente bevestig dat ons studente oop oë het oor dié konteks waarin ons leef: *"The Circle of Concerned African Woman Theologians en Johannes 4"* (Emri Bekker); *"Die missio trinitatis as katalisator tot versoening en 'n lewe saam in Suid-Afrika"* (Werner Nel) en *"Gestremd én beeld van God?"* (Thania Labuschagne), om enkele voorbeelde te noem. Werner het sy "gemeentejaar" - die praktykopleiding wat met hul Nagraadse Diploma geïntegreer is - in Lusaka, Zambië, onder leiding van di Frikkie van Niekerk en Moses Zulu gaan doen en met groot entoesiasme oor die bediening daarvandaan teruggekeer. Opleiding in Bloemfontein is inderdaad vir studente van Botswana tot Lesotho, Natal tot die Noordkaap.

Die klas van 2019 gaan hul "gemeentejaar" in Bultfontein, Bothaville, Brandfort, Excelsior, Universitas, Hugenoot, Bloemfontein-Wes, Stellenbosch-Noord, De la Bat in Worcester en Moreletapark in Pretoria doen - 'n wye verskeidenheid gemeentes. In ons vergadering is die noodsaak van studente se blootstelling aan multikulturele bedieninge in gemeentes, in die stedelike- én plattelandse kontekste beklemtoon. Dit is trouens die nuwe konteks waarin hierdie studente opgelei word: die studentetal aan die Fakulteit Teologie en Religie het vanjaar tot meer as 300 gestyg, en was daar in die eerstejaarsklas (BDiv I) 45 studente waarvan vyf tot die NG Kerk behoort. In prof Tolmie se woorde:

> "Ons studente sit in klasse waarvan die kultuur, taal, gender, sosio-ekonomiese status en kerklike agtergrond heeltemal anders geword het."

Dit bied uitdagings vir opleiding, maar ook 'n geleentheid om die kerklik-ekumeniese wêreld eerstehands te leer ken. Studente leer om grense oor te steek, om 'n verskeidenheid van denkraamwerke te ontdek én sodoende krities te kan reflekteer oor wat in ons samelewing aan't gebeur is en hoe die Woord dáár bedien kan word.

3. Teologiese opleiding in Bloemfontein is kerklik toegespits

Die sterk ooreenkoms wat in 2013 tussen die NG Kerk en die Universiteit van die Vrystaat gesluit is, maak dit vir ons moontlik om as kerkverband ten nouste by die opleiding van ons studente betrokke te wees. Hiervan is die Seminarium met dr Johan Nel as bestuurder en die "Kerklike Dosent vir Gereformeerde Teologie" - dr Henco van der Westhuizen - twee voorbeelde en het die Kuratorium oor beide se werk en die projekte waarmee hul besig is, groot dankbaarheid uitgespreek. In die Seminarium word die akademiese opleiding deur die fakulteit, aangevul met programme om ons studente se gereformeerde teologiese identiteit, hul spirituele vorming, hul persoonlikheidsontwikkeling en -vaardighede, en hul praktykblootstelling te bevorder. Ons is dankbaar vir twee periodes op 'n Woensdag ons deur die fakulteit gegun, waarin 'n verskeidenheid programme deur 'n aantal predikante en ander kundiges vanuit die sosiale mediawêreld, Afrikaanse skryfkuns, openbare redevoering, konflikbeslegting en die finansiële sektor aangebied word. In hul kleingroepe het die studente vanjaar die Bybelboeke Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium uit die Ou Testament, en Markus, Handelinge, Romeine, Korintiërs en Galasiërs uit die Nuwe Testament saam met mekaar gelees en bespreek. Elke jaargroep spandeer etlike weke op die bestudering van een van ons gereformeerde belydenisskrifte en in hul vyfdejaar oor hoe die belydenisgrondslag van ons kerke in hul persoonlike lewe en gemeentelike bediening tot uitdrukking kom. 'n Nuwe program in die Seminarium vanjaar, was om studente die *Liedboek van die Kerk* en hoe dit in 'n erediens en die kerkjaar gebruik kan word, te laat ontdek - nee, te laat sing! Ons het 'n aktuele gesprek oor die gay-debat in die NG Kerk gehad en in September het dr Nancy Schongalla-Bowman, studentepastor aan *Princeton Theological University*, ons Seminarium besoek en met die studente oor die integrasie van studie en spiritualiteit gepraat. Alle studente word pastoraal begelei en waar nodig ook terapeuties ondersteun.

Dat ons studente op die praktyk van die gemeentelike bediening voorberei word, spreek byvoorbeeld uit van hul skripsietemas: *"Die invloed van geestelike musiek op die senior lidmaat se geloofslewe"* (Sulene du Toit); *"Die gemeente se betrokkenheid by die geloofsreise van jongvolwassenes"* (Bernard van Wyk); *"Die gebruik van Facebook in 'n gemeentebediening"* (Roné Vosloo) en *"Watter rol behoort gemeenteleiers in die geloofsvorming van tieners te speel?"* (Stefan Welthagen).

Met teologiese opleiding wat "kerklik toegespits" is, bedoel ons ook die familie van NG Kerke. Daar was vanjaar 46 studente van die NG Kerk hier in opleiding (jare een to vyf), met die oog op die bediening, sewe van die VGKSA en twee van die NGKA. Daar is gesprekke met sowel die VGKSA as die NGKA oor moontlikhede om Seminariumprogramme vir húlle studente te benut. Daar is ook 'n gesprek met die fakulteit om in 2019 'n "Ekumeniese Skakelraad" op die been te bring sodat alle kerke wat vennote is van die opleiding hier, oor gemeenskaplike sake met mekaar hande kan vat.

4. Teologiese opleiding in Bloemfontein is van geestelike- en gemeentelike belang

Aan die einde van die kuratoriumvergadering, was ons onder die indruk dat teologiese opleiding in só 'n vennootskap tussen kerk en universiteit, seminarium en fakulteit hier in Bloemfontein, daarna streef om werklik "die goeie boodskap" van hoop aan alle mense te kan bring (Jes 52:7). Dit gaan om 'n integrasie van teologie as wetenskap én as 'n geestelike voedingsbron - soos wat nog twee studente se skripsies daarvan getuig het: *"Maak dit 'n verskil as ek bid? 'n Ondersoek na gebed as etiese handeling"* (Rikus Botha) en *"'n Interpretasie van Jesus se emosies in Johannes 11:33-38"* (Hanneke Meyer). Terloops, dr Hanneke Meyer (76), het ná haar aftrede as opvoedkundige besluit om teologie te kom studeer en dit vanjaar met onderskeiding voltooi - 'n bewys van die lewensvervulling wat teologiese studies vir gelowiges kan bring.

Daarom wil ons lidmate uitnooi om teologiese studie en opleiding as 'n opsie te oorweeg. Volgende jaar sal die Algemene Sinode hopelik die beleidsdokument oor *"Teologiese opleiding in 'n Raamwerk vir Missionale Bedieningsontwikkeling"* goedkeur, waarin 'n verbreding van opleiding voorsien word - byvoorbeeld vir ouderlinge met liturgiese- en preekbevoegdheid en vir tweedeloopbaanstudente. Kleiner gemeentes waar daar nie meer 'n volle predikantspos is nie, kan hierdeur gehelp word. Die Kuratorium wil daarom 'n beroep op leraars doen om deur hul prediking en kategese jongmense en lidmate te oortuig dat Christus sy Kerk in stand hou en mense daartoe bly roep - óók hier in die Vrystaat. Dit is in die hart en huishouding van gemeentes dat studente vir teologiese opleiding voorberei word. Leer hulle nóu reeds om die Bybel verantwoord te kan lees... Ons wil dankie-sê aan gemeentes wat die opleiding finansieël ondersteun deur kollektes en dankoffers. Ons wil vra dat daar vir die opleiding aan die Universiteit van die Vrystaat gebid sal word.

Dan sal die "voetstappe van hulle" wat uit Bloemfontein kom om "die goeie boodskap te bring", steeds "lieflik" kan klink.

Hartlike groete van die Kuratorium, en 'n geseënde Kerstyd u almal toegebid. Mag daar reën kom en vrede.

Jan Lubbe (VDm)
Voorsitter